## SONDAGSKOOL LES: Verstaan jou Bybel – Afdelings van die Ou Testament – Die Groot Profete Boeke

**Doel van les:**

- Ons kyk vandag kortliks na die Groot Profete afdeling in die Ou Testament net om bietjie beter te verstaan waaroor dit gaan.

**Ysbreker: Boek ordes:** Gee vir elke groep 'n Ou Testament en Nuwe Testament kaart. Vandag kry die groepe nog vyf boeke in die Ou Testament en vyf boeke in die Nuwe Testament by. Hulle moet nou die boeke onder die twee kaarte rangskik in die regte orde. Ons gaan elke week die speletjie doen en boeke byvoeg totdat hulle al die boeke in die Bybel gekry het om te rangskik. (Indien jy sien dat die kinders sukkel of die boeke maklik onder die knie kry, kan jy of vir twee weke stilstaan by dieselfde aantal boeke, of meer boeke byvoeg wat hulle moet rangskik. Pas die speletjie aan volgens jou groep.)

Vandag gaan ons kortliks kyk na die Groot Profete.

Die vierde afdeling in die Ou Testament is die Groot Profete. Daar is vyf boeke in hierdie afdeling: Jesaja, Jeremia, Klaagliedere van Jeremia, Esegiël en Daniël.

**Groepwerk:**

Lees Deut 18:18 en gee 'n definisie van wat 'n profeet doen.

Hierdie boeke word na verwys as die Groot Profete boeke oor hulle lengte. Die Groot Profete het langer boeke geskryf as die Klein Profete. Die boodskap van die Klein Profete is dus nie minder belangrik nie, die boeke is net korter.

Die profete praat van tye wat gaan kom van God se oordeel, verlossing en algehele toekomstige vernietiging van sonde. (Deur Jesus se onskuldige opoffering)

Profete is mense wat God se boodskap spreek vir nou of vir die toekoms.

**Groepwerk:** Gee vir elke groep die uitdeelstukke oor die Groot Profete boeke. Gee kans dat hulle die uitdeelstukke voltooi.

Kry terugvoering van die groepe nadat als voltooi is.

Sluit af met gebed in groepe.

## Profesië in Jesaja oor Jesus

Omtrent 700 jaar voor Jesus se geboorte, het Jesaja geprofeteer oor Jesus en dit het in vervulling gekom toe Jesus aarde toe gekom het. Die boek Jesaja bevat meer profesieë oor Jesus as enige ander boek in die Ou Testament.

**Lees die teksverse en trek dan 'n lyntjie van elke profesie na hoe Jesus dit vervul het.**

| | |
|---|---|
| Jesaja het geprofeteer dat 'n spesiale baba gebore sou word (Jes 9:5) | Joh 12:37 |
| Jesaja het gesê dat 'n persoon in die woestyn 'n pad vir Jesus sal voorberei (Jes 40:3) | Luk 2:7 |
| Jesaja het gesê dat Jesus verwerp sou word deur baie mense (Jes 53:3) | Luk 23:33 |
| Jesaja het vertel van 'n Persoon wat sou ly vir ons sondes (Jes 53:5) | Joh 1:23 |

# Jeremia

**Aktiwiteit**

Gee vir elke groep 'n skoon blaai of groot genoeg papboks en 'n skêr. Die groepe moet hulle eie spesiale mannetjie maak uit die blaai of boks.

**Lees nou as groep saam Jeremia 1:5.**

Jeremia was 'n jong seun toe God met hom gepraat het en hom geroep het as profeet vir die nasies. Jeremia het nie gedink dat hy sou kon nie, maar God het geweet hy kan. God het geweet Jeremia kan, want God het hom geskape.

Jeremia word die huilende profeet genoem. Jeremia het baie swaargekry omdat hy vir mense vertel het wat die Here sê. Hulle het hom 'n paar keer in die tronk gesit. Eenkeer het hulle hom in 'n leë waterput gegooi om daar te laat doodgaan. Jeremia het twee boeke geskryf, Jeremia en Klaagliedere van Jeremia.

**Stories uit Daniël**

**Die boek Daniël bevat beide stories en profesieë.**

**Storie 1 – Daniël 1**

**Lees Daniël 1:1-16 en skryf dan die regte woord wat pas by elke prentjie neer.**

 en sy vriende  is weggeneem uit hulle land om diensknegte te wees in die koning se paleis. Die koning het hulle van sy kos gegee om te eet, maar hulle wou nie die koning se kos hê nie. Hulle wou God eer en het gevra om eerder  te eet en  te drink.

**Daniël – Storie 2**

**Lees Daniël 6:1-23 en skryf dan die regte woord wat pas by elke prentjie neer.**

 het elke dag tot God gebid. Mense wat op hom jaloers was, het hom in die moeilikheid gekry by die koning en hy is in 'n  kuil gegooi. God het engele gestuur om die bekke van die   toe te hou sodat hulle nie vir  eet nie!

In elke storie het God vir  en  gehelp met hulle probleme.

**Jesaja Antwoorde:**

Jesaja het geprofeteteer dat 'n spesiale baba gebore sou word Luk 2:7

(Jes 9:5)

Jesaja het gesê dat 'n persoon in die woestyn 'n pad vir Jesus sal Joh 1:23

voorberei (Jes 40:3)

Jesaja het gesê dat Jesus verwerp sou word deur baie mense Joh 12:37

(Jes 53:3)

Jesaja het vertel van 'n Persoon wat sou ly vir ons sondes Luk 23:33

(Jes 53:5)

**Stories uit Daniël**

**Die boek Daniël bevat beide stories en profesieë.**

**Storie 1 – Daniël 1 - Antwoorde**

**Lees Daniël 1:1-16 en skryf dan die regte woord wat pas by elke prentjie neer.**

**Daniël** en sy vriende **Sadrag, Mesag en Abednégo** is weggeneem uit hulle land om diensknegte te wees in die koning se paleis. Die koning het hulle van sy kos gegee om te eet, maar hulle wou nie die koning se kos hê nie. Hulle wou God eer en het gevra om eerder **groente** te eet en **water** te drink.

**Daniël – Storie 2 - Antwoorde**

**Lees Daniël 6:1-23 en skryf dan die regte woord wat pas by elke prentjie neer.**

**Daniël** het elke dag tot God gebid. Mense wat op hom jaloers was, het hom in die moeilikheid gekry by die koning en hy is in 'n **leeu**kuil gegooi. God het engele gestuur om die bekke van die **leeus** toe te hou sodat hulle nie vir **Daniël** eet nie!

In elke storie het God vir **Daniël** en **Sadrag, Mesag en Abednégo** gehelp met hulle probleme.

**BOEKE VAN DIE BYBEL SPELETJIE:**

| OU TESTAMENT |
|---|

| NUWE TESTAMENT |
|---|

| | |
|---|---|
| Genesis | Eksodus |
| Levitikus | Numeri |
| Deuteronomium | Josua |
| Rigters | Rut |
| 1 Samuel | 2 Samuel |
| 1 Konings | 2 Konings |
| 1 Kronieke | 2 Kronieke |
| Esra | Nehemia |
| Ester | Job |
| Psalms | Spreuke |

Matteus

Markus

Lukas

Johannes

Handelinge

Romeine

1 Korintiërs

2 Korintiërs

Galasiërs

Efesiërs

Filippense

Kolessense

1 Tessalonisense

2 Tessalonisense

1 Timoteus

2 Timoteus

Titus

Filemon

Hebreërs

Jakobus